bekendgemaak dat dit die Administrateur behaag, om ooreenkomstig paragraaf (iv) van subartikel (1) en paragraaf (ii) van subartikel (7) van artikel ses-en-vyftig van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), goed te keur dat die servituut ten opsigte van die algemene uitspanning, groot 1/75ste van 4651 morg 526 vierkante roede waaraan die restant van die plaas Boschplaats 91 J.R., Distrik Pretoria, onderhewig is, verminderd word na 5 morg en die verminderde uitspanning opgemeet word in 'n ligging soos aangetoon op diagram L.G. No. A.8615/69.

D.P. 01-012-37/3/B.8 Vol. II.

Administrator's Notice 628

17 June, 1970

DECLARATION OF A SUBSIDY WITHIN THE MUNICIPAL AREA OF BOKSBURG.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved in terms of section 40 of the Road Ordinance 1957 (Ordinance 22 of 1957) that the section of road within the Municipal Area of Boksburg, as indicated on the sketch plan subjoined hereto, shall exist as a subsidy road.

D.P. 021-022-23/20/S.12 D.
D.P.H. 14/6/68/56


Administrateurskennisgewing 628

17 Junie 1970

VERKLARING VAN 'N SUBSIDIEPAD BINNE DIE MUNISIPALE GEBIED VAN BOKSBURG.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het, ingevolge die bepaling van artikel 40 van die Padordonnansie 1957, (Ordonnansie 22 van 1957), dat die gedeelte van pad binne die Munisipale gebied van Boksburg, soos op die bygaande sketsplan aangetoon, as 'n subsidiepad sal bestaan.

D.P. 021-022-23/20/S.12 D.
D.P.H. 14/6/68/56



D.P.021-022-23/20/S12D.

VERWYSING.

REFERENCE.

PAD TOT SUBSIDIEPAD

ROAD DECLARED AS A

VERKLAAR.

SUBSIDY ROAD.

BESTAANDE PAAIE.

EXISTING ROADS.

Administrator's Notice 629

17 June, 1970

REVOCATION OF ADMINISTRATOR'S NOTICE 1197 OF 27 NOVEMBER 1968 IN CONNECTION WITH THE CLOSING OF AN UNNUMBERED DISTRICT ROAD TRAVERSING THE FARM BULTFONTEIN 533-J.Q.: DISTRICT OF KRUGERSDORP.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved in terms of subsection (3A) of section five of the Roads Ordinance 22 of 1957, that Administrator's Notice 1197 of 27 November 1968 whereby an unnumbered public district road traversing the farm Bultfontein 533-J.Q., district of Krugersdorp was opened in terms of paragraph (b) of subsection (1) of section five of the Roads Ordinance 22 of 1957, be revoked in respect of that portion of the said road traversing the farm Bultfontein 533-J.Q., district of Krugersdorp, as indicated on the sketch plan subjoined hereto.


D.P. 021-025-23/22/1027/2

Administrateurskennisgewing 629 17 Junie 1970

INTREKKING VAN ADMINISTRATEURSKENNISGEWING 1197 VAN 27 NOVEMBER 1968 IN VERBAND MET DIE SLUITING VAN 'N ONGENOMMERDE OPENBARE DISTRIKSPAD OOR DIE PLAAS BULTFONTEIN 533-J.Q.: DISTRIK KRUGERSDORP.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het kragtens subartikel (3A) van artikel vyf van die Padordonnansie 22 van 1957, dat Administrateurskennisgewing 1197 van 27 November 1968 waarby 'n ongenommerde openbare distrikspad oor die plaas Bultfontein 533-J.Q., distrik Krugersdorp, ingevolge paragraaf (b) van subartikel (1) van Artikel vyf van die Padordonnansie 22 van 1957 geopen is, hierby ingetrek word ten opsigte van daardie gedeelte van genoemde pad oor die plaas Bultfontein 533-J.Q., distrik Krugersdorp, soos op die bygaande sketsplan aangetoon.

D.P. 021-025-23/22/1027/2



Administrator's Notice 630

17 June, 1970

Administrateurskennisgewing 630

17 Junie 1970


CLOSING: PUBLIC ROAD: DISTRICT OF LETABA.**SLUITING: OPENBARE PAD: DISTRIK LETABA.**

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Letaba, in terms of subsection (1) of section *thirty-one* of the Roads Ordinance 22 of 1957, that District road 848 traversing the farms Prinsloosrust 482-L.T., Westfalia 484-L.T., Sarahsdrift 447-L.T., Weltevreden 442-L.T., Enkeldoorn 441-L.T. and Christinasrust 440-L.T., District of Letaba, shall be closed as indicated on sketch plan subjoined hereto.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Letaba, ingevolge subartikel (1) van artikel *een-en-dertig* van die Padordonnansie 22 van 1957, goedgekeur het dat Distrikspad 848 oor die plase Prinsloosrust 482-L.T., Westfalia 484-L.T., Sarahsdrift 447-L.T., Weltevreden 442-L.T., Enkeldoorn 441-L.T. en Christinasrust 440-L.T., distrik Letaba, gesluit word soos aangedui op bygaande sketsplan.

D.P. 03-034-23/24/P-2.

D.P. 03-034-23/24/P-2.



Administrator's Notice 631

17 June, 1970

Administrateurskennisgewing 631

17 Junie 1970


OPENING: PUBLIC DISTRICT ROAD 2179: MUNICIPALITY OF VERWOERDBURG.**OPENING: OPENBARE DISTRIKSPAD 2179: MUNISIPALITEIT VAN VERWOERDBURG.**

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved in terms of sub-section (2) of section *five*, paragraph (c) of sub-section (1) of section *five* and section *three* of the Roads Ordinance 22 of 1957, that a public District road 50 Cape feet wide shall exist within the Municipal area of Verwoerdburg, District of Pretoria, as indicated on the sketch plan subjoined hereto.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur ingevolge subartikel (2) van artikel *vyf*, paragraaf (c) van subartikel (1) van artikel *vyf* en artikel *drie* van die Padordonnansie 22 van 1957, goedgekeur het dat 'n openbare Distrikspad 50 Kaapse voet breed binne die Munisipale gebied van Verwoerdburg, Distrik Pretoria, soos aangetoon op bygaande sketsplan, sal bestaan.

D.P. 01-012-23/22/1436 Vol. II.

D.P. 01-012-23/22/1436 Vol. II.



Administrator's Notice 632

17 June, 1970

ROAD ADJUSTMENTS ON THE FARM LAASTGEVONDEN 20-L.T.: DISTRICT OF LOUIS TRICHARDT.

With reference to Administrator's Notice 149 of 18th February, 1970, it is hereby notified for general information that the Administrator is pleased, under the provisions of sub-section (6) of section *twenty-nine* of the Roads Ordinance 22 of 1957, to approve the road adjustments, shown on the subjoined sketchplan.

D.P. 03-035-23/24/L-2.


Administrateurskennisgewing 632

17 Junie 1970

PADREELINGS OP DIE PLAAS LAASTGEVONDEN 20-L.T.: DISTRIK LOUIS TRICHARDT.

Met betrekking tot Administrateurskennisgewing 149 van 18 Februarie 1970, word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Administrateur behaag om ooreenkomstig subartikel (6) van artikel *nege-en-twintig* van die Padordonnansie 22 van 1957, goedkeuring te heg aan die padreelings, soos aangetoon op bygaande sketsplan.

D.P. 03-035-23/24/L-2.



Administrator's Notice 633

17 Junie 1970

WHITE RIVER MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY REGULATIONS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply Regulations of the White River Municipality, published under Administrator's Notice 626, dated 21 November 1934, as amended, are hereby further amended as follows:—

- (1) By the substitution in section 2(2)(a) for the expression "3,000 gallons" of the expression "14 kilolitres".
- (2) By the substitution in section 2(2)(b) for the expression "1,000 gallons" and the amount "0.45" of the expression "1 kilolitre" and the amount "10c" respectively.

T.A.L.G. 5/104/74.

Administrator's Notice 634

17 June, 1970

BOKSBURG AMENDMENT SCHEME NO. 1/57.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the

Administrateurskennisgewing 633

17 Junie 1970

MUNISIPALITEIT WITRIVIER: WYSIGING VAN WATERVERSKAFFINGSREGULASIES.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Waterverskaffingsregulasies van die Munisipaliteit Witrivier, afgekondig by Administrateurskennisgewing 626 van 21 November 1934, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:—

- (1) Deur in artikel 2(2)(a) die uitdrukking „3,000 gellings” deur die uitdrukking „14 kiloliters” te vervang.
- (2) Deur in artikel 2(2)(b) die uitdrukking „1,000 gellings” en die bedrag „0.45” onderskeidelik deur die uitdrukking „1 kiloliter” en die bedrag „10c” te vervang.

T.A.L.G. 5/104/74.

Administrateurskennisgewing 634

17 Junie 1970

BOKSBURG-WYSIGINGSKEMA NO. 1/57.

Hierby word ooreenkomstig die bepalinge van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe,

Administrator has approved of the amendment of Boksburg Town-planning Scheme No. 1, 1946, by —

(1) the inclusion in the "Contents" of the Scheme, Part I (General) of the following:

Use of Annexures 4 bis 2.

(2) the addition of a new Clause 4 (bis);

The scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Boksburg, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Boksburg Amendment Scheme No. 1/57.

T.A.D. 5/2/7/57

Administrator's Notice 635

17 June, 1970

TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT OF PERI-URBAN AREAS: AMENDMENT TO REGULATIONS FOR THE LICENSING OF PREMISES.

The Administrator hereby, in terms of section 38(5) of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act 25 of 1945), read with section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the regulations set forth hereinafter, which have been made by the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas in terms of section 38(3) of Act 25 of 1945, and which have been approved by the Administrator and the Minister of Bantu Administration and Development in terms of section 38(5) of the said Act.

The Regulations for the Licensing of Premises of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, published under Administrator's Notice 434, dated 23 June 1965, as amended, are hereby further amended by the addition at the end of Annexure A of the following:—

"Witpoort 10 of 1969."

T.A.L.G. 5/57/111.

Administrator's Notice 636

17 June, 1970

JOHANNESBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO CEMETERY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Cemetery By-laws of the Johannesburg Municipality published under Government Notice 906, dated 20 October 1905, as amended, are hereby further amended by the substitution for items (a) and (b) under the Fourth Schedule of the following:—

Residents Non-residents

"(a) For the cremation of the remains, including the use of the chapel:—

	R	R
(1) Adults	19	25
(2) Children	13	17
(3) Where the remains are an anatomy subject ...	11	11

1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Boksburg-dorpsaanlegskema No. 1, 1946, gewysig word deur die —

(1) Die invoeging van die volgende in die „Inhoud" van die Skema onder Gedeelte I (Algemeen):

Gebruik van Bylae 4 (bis) 2.

(2) Die byvoeging van 'n nuwe klousule 4 (bis).

Die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria, en die Stadsklerk, Boksburg, en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Boksburg-wysigingskema No. 1/57.

T.A.D. 5/2/7/57.

Administrateurskennisgewing 635

17 Junie 1970

TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE. WYSIGING VAN REGULASIES VIR DIE LISENSIERING VAN PERSELE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 38(5) van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet 25 van 1945), gelees met artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die regulasies hierna uiteengesit, wat deur die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede ingevolge artikel 38(3) van Wet 25 van 1945 gemaak is en wat deur die Administrateur en die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling goedgekeur is ingevolge artikel 38(5) van genoemde Wet.

Die Regulasies vir die Lisensiering van Persele van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, afgekondig by Administrateurskennisgewing 434 van 23 Junie 1965, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur aan die end van Bylae A die volgende by te voeg —

„Witpoort 10 van 1969".

T.A.L.G. 5/57/111

Administrateurskennisgewing 636

17 Junie 1970

MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG: WYSIGING VAN BEGRAAFPLAASVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Begraafplaasverordeninge van die Munisipaliteit Johannesburg, afgekondig by Goewermentskennisgewing 906 van 20 Oktober 1905 (Afrikaanse teks afgekondig by Administrateurskennisgewing 598 van 8 Desember 1926), soos gewysig, word hierby verder gewysig deur items (a) en (b) in die Vierde Bylae deur die volgende te vervang:—

Inwoners Nie-inwoners

„(a) Vir die verassing van 'n lyk, insluitende die gebruik van die kapel:—

	R	R
(1) Volwassenes	19	25
(2) Kinders	13	17
(3) Indien die lyk van 'n ontleedkundige skool af kom	11	11

- (b) For the registration of, and the issue of a cremation certificate for, each cremation carried out at the Hindu Crematorium, Brixton Cemetery

6 6"

T.A.L.G. 5/23/2.

- (b) Vir die registrasie van iedere verassing wat in die Hindoe-krematorium, Brixtonse begraafplaas plaasvind, en die uitreiking van 'n verassing-sertifikaat daarvoor ...

6 6"
T.A.L.G. 5/23/2.

Administrator's Notice 637

17 June, 1970

KLERKSDORP MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BUILDING BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Building By-laws of the Klerksdorp Municipality, published under Administrator's Notice 816, dated 28 November 1962, as amended, are hereby further amended by the deletion of section 419(b).

T.A.L.G. 5/19/17.

Administrator's Notice 638

17 June, 1970

FOCHVILLE MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply By-laws of the Fochville Municipality, published under Administrator's Notice 677, dated 6 September 1961, as amended, are hereby further amended by the substitution for item 2 of the Tariff of Charges under Part I of Appendix B under Schedule I of the following:—

"2. *Charges for the Supply of Water, per Month:—*

(1) For the first 10 kilolitres or part thereof taken through one meter: R1.70.

(2) For every kilolitre thereafter taken through the same meter: 10c.

(3) Minimum charge: R1.70."

The provisions of this notice shall come into operation on 1st July, 1970.

T.A.L.G. 5/104/57.

Administrator's Notice 639

17 June, 1970

PROPOSED CANCELLATION OF OUTSPAN ON THE FARM TWEEFONTEIN 357 J.T.: DISTRICT OF BELFAST.

In view of an application having been made on behalf of the Town Council of Belfast for the cancellation of the outspan in extent 1/75th of 3315 morgen 392.19 square roods, to which the remaining extent of the farm Tweefontein 357 J.T., district of Belfast, is subject, it is the Administrator's intention to take action in terms of paragraph

Administrateurskennisgewing 637

17 Junie 1970

MUNISIPALITEIT KLERKSDORP: WYSIGING VAN BOUVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Bouverordeninge van die Munisipaliteit Klerksdorp, afgekondig by Administrateurskennisgewing 816 van 28 November 1962, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur artikel 419(b) te skrap.

T.A.L.G. 5/19/17.

Administrateurskennisgewing 638

17 Junie 1970

MUNISIPALITEIT FOCHVILLE: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Fochville, afgekondig by Administrateurskennisgewing 677 van 6 September 1961, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item 2 van die Tariewe onder Deel I van Aanhangsel B onder Bylae I deur die volgende te vervang:—

„2. *Vorderings vir die Lewering van Water per Maand:—*

(1) Vir die eerste 10 kiloliter of gedeelte daarvan, neem deur een meter: R1.70.

(2) Vir elke daaropvolgende kiloliter deur dieselfde meter neem: 10c.

(3) Minimum vordering: R1.70."

Die bepalings van hierdie kennisgewing tree in werking op 1 Julie 1970.

T.A.L.G. 5/104/57.

Administrateurskennisgewing 639

17 Junie 1970

VOORGESTELDE OPHEFFING VAN DIE UITSPANNING OP DIE PLAAS TWEEFONTEIN 357 J.T.: DISTRIK BELFAST.

Met die oog op 'n aansoek ontvang van die Stadsraad van Belfast om die opheffing van die uitspanning, groot 1/75ste van 3315 morge 392.19 vierkante roede, waaraan die resterende gedeelte van die plaas Tweefontein 357 J.T., distrik Belfast, onderworpe is, is die Administrateur voornemens om ooreenkomstig paragraaf (iv) van subartikel

(iv) of subsection (1) of section *fifty-six* of the Roads Ordinance (Ordinance 22 of 1957).

It is competent for any person interested to lodge his objections, in writing, with the Regional Officer, Private Bag 1089, Lydenburg, within three months of the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

D.P. 04-045-37/3/T-1.

Administrator's Notice 640

17 June, 1970

PROPOSED CANCELLATION OR REDUCTION OF OUTSPAN SERVITUDE ON THE FARM KRAALHOEK 269-J.Q.: DISTRICT OF RUSTENBURG.

In view of application having been made by Mr. J. G. Fogwill for the cancellation or reduction of the servitude of outspan, in extent 1/75th of 1773 morgen 29 square roods to which certain portion (a portion of Portion 2) of the farm Kraalhoek 269-J.Q., district of Rustenburg is subject, it is the Administrator's intention to take action in terms of paragraph (iv) sub-section (1) of Section *fifty-six* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957).

It is competent for any person interested to lodge his objections in writing with the Regional Officer, Transvaal Roads Department, Private Bag 2063, Rustenburg, within three months of the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

D.P. 08-082-37/3/K/55.

Administrator's Notice 641

17 June, 1970

AMENDMENT OF THE REGULATIONS GOVERNING WHITE PERSONS SEEKING ADMISSION TO OR ADMITTED TO A COLLEGE OF EDUCATION.

The Administrator, in terms of sections 104 and 121 read with sections 7 and 64 of the Education Ordinance, 1953 (Ordinance No. 29 of 1953), hereby amends with effect from 1st July, 1968, the regulations governing white persons seeking admission to or admitted to a college of education, published under Administrator's Notice No. 920 of the 4th September, 1968, as set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

The following regulation is hereby substituted for regulation 3(1):

"(1) Instruction costs in respect of each semester or part of a semester are R60 for students following a full-time course of instruction and R40 for students following a part-time course of instruction: Provided that the Director, on the recommendation of the rector, may allow an agreement student who has failed in a particular year, to repeat such course in respect of the year in which he failed and to redeem the cost thereof through service in terms of regulation 5".

(1) van artikel *ses-en-vyftig* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957) op te tree.

Alle belanghebbende persone is bevoegd om binne drie maande vanaf datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware by die Streeksbeampste, Transvaalse Paaiedepartement, Privaatsak 1089, Lydenburg, skriftelik in te dien.

D.P. 04-045-37/3/T-1.

Administrateurskennisgewing 640

17 Junie 1970

VOORGESTELDE OPHEFFING OF VERMINDERING VAN UITSPANERWITUUT OP DIE PLAAS KRAALHOEK 269-J.Q.: DISTRIK RUSTENBURG.

Met die oog op 'n aansoek ontvang van mnr. J. G. Fogwill om die opheffing of vermindering van die servituut van uitspanning, 1/75ste van 1773 morge 29 vierkante roedes groot waaraan sekere gedeelte ('n gedeelte van Gedeelte 2) van die plaas Kraalhoek 269-J.Q., distrik Rustenburg onderworpe is, is die Administrateur voornemens om ooreenkomstig paragraaf (iv) subartikel (1) van Artikel *ses-en-vyftig* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957) op te tree.

Alle persone is bevoegd om binne drie maande vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware by die Streeksbeampste, Transvaalse Paaiedepartement, Privaatsak 2063, Rustenburg, skriftelik in te dien.

D.P. 08-082-37/3/K/55.

Administrateurskennisgewing 641

17 Junie 1970

WYSIGING VAN DIE REGULASIES BETREFFENDE BLANKE PERSONE WAT TOT 'N ONDERWYSKOLLEGE TOEGELAAT WIL WORD OF DAARTOE TOEGELAAT IS.

Ingevolge artikels 104 en 121 gelees met artikels 7 en 64 van die Onderwysordonnansie, 1953 (Ordonnansie No. 29 van 1953), wysig die Administrateur hierby, met ingang van 1 Julie 1968, die regulasies betreffende blanke persone wat tot 'n onderwyskollege toegelaat wil word of daartoe toegelaat is, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 920 van 4 September 1968, soos in die Bylae hierby uiteengesit.

BYLAE

Regulasie 3(1) word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"(1) Onderrigskoste ten opsigte van elke semester of deel van 'n semester is R60 vir studente wat 'n voltydse onder-
rigskursus volg en R40 vir studente wat 'n na-uurse onder-
rigskursus volg: Met dien verstande dat die Direkteur, op
aanbeveling van die rektor, 'n verbintenisstudent wat in 'n
sekere jaar nie slaag nie kan toelaat om sodanige kursus
ten opsigte van daardie jaar waarin hy of sy nie geslaag het
nie, te herhaal en die koste daaraan verbonde by wyse van
diens ingevolge regulasie 5 te delg".

Administrator's Notice 642

17 June, 1970

MIDDELBURG MUNICIPALITY: BY-LAWS FOR THE CONTROL OF TEMPORARY ADVERTISEMENTS AND PAMPHLETS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

Definitions.

1. In these by-laws, unless the context otherwise indicates —

“advertisement” means any temporary poster, advertising material or sign which is visible from a street in any way whatsoever, and the purpose of which is to advertise any event or matter, excluding an election advertisement;

“Council” means the Town Council of Middelburg and includes the management committee of that Council or any officer employed by the Council, acting by virtue of any power vested in the Council in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance 40 of 1960);

“election advertisement” means any advertisement or advertising apparatus which is visible from a street in any way whatsoever, and which is displayed in connection with a Parliamentary, Provincial Council or Municipal election or by-election or referendum;

“pamphlet” means any pamphlet, handbill, brochure, book or publication the object of which is to advertise or introduce anything;

“street” means any public street, avenue, sidewalk, public open space or park within the Middelburg Municipality.

Permission to Display.

2. No person shall affix, attach, fasten, place, display or distribute or cause to be displayed or distributed or allow or suffer to be displayed or distributed, pamphlet, or any advertising matter in or in view of any street without the explicit authority of the Council, and unless he has paid the applicable charges prescribed in terms of section 8.

Exempted Advertisements.

3. Temporary advertisements regarding the sale or lease of properties, applications in terms of the Council's town-planning scheme or other advertisements prescribed by law, temporary advertisements regarding building or similar activities on the site where such advertisement is displayed, or temporary advertisements which are affixed inside or onto business premises shall be exempted from the provisions of these by-laws.

Prohibited Advertisements, Pamphlets and Publications.

4. (1) No advertisement or pamphlet which in the opinion of the Council is suggestive of anything indecent or which may prejudice the public morals or any banner, shall be displayed or distributed, and no publication whatsoever may be attached to any building, pole or structure which is the property of the Council.

(2) No pamphlets shall in any way be scattered from the air or in any street.

Administrateurskennisgewing 642

17 Junie 1970

MUNISIPALITEIT MIDDELBURG: VERORDENINGE BETREFFENDE DIE BEHEER VAN TYDELIKE ADVERTENSIES EN PAMFLETTE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Woordomskrywing.

1. Vir die toepassing van hierdie verordeninge, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken —

„advertensie” enige tydelike plakkaat, advertensiemateriaal of teken wat op enige wyse hoegenaamd van 'n straat af sigbaar is en wat ten doel het om enige gebeurlikheid of aangeleentheid te adverteer, uitgesonderd 'n verkiesingsadvertensie;

„pamflet” enige pamflet, biljet, brosjure, boek of geskryf wat ten doel het om enigiets te adverteer of bekend te stel;

„Raad” die Stadsraad van Middelburg en omvat die bestuurskomitee van daardie Raad of enige beamppte deur die Raad in diens geneem, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie 40 van 1960) aan hom gedelegeer is;

„straat” enige openbare straat, laan, sypaadjie, publieke oop ruimte of park binne die Munisipaliteit Middelburg;

„verkiesingsadvertensie” enige advertensie of advertensietoestel wat op enige wyse hoegenaamd van 'n straat af sigbaar is of vertoon word en wat in verband met 'n Parlementêre-, 'n Provinsiale Raads- of Munisipale verkiesing of tussenverkiesing of referendum gebruik word.

Vergunning om aan te Bring.

2. Niemand mag 'n advertensie, pamflet of enige advertensiemiddel in of in sig van 'n straat opplak, aanheg, vasmaak, plaas, vertoon, versprei, laat vertoon of versprei of toelaat of duld dat dit vertoon of versprei word sonder die uitdruklike magtiging van die Raad en tensy hy die toepaslike gelde wat by artikel 8 voorgeskryf word, betaal het nie.

Vrygestelde Advertensies.

3. Tydelike advertensies betreffende die verkoop of verhuur van eiendomme, aansoek ingevolge die Raad se dorpsaanlegskema of ander deur 'n wet voorgeskrewe advertensie, tydelike advertensies betreffende bouery of soortgelyke werksaamhede op die grond waar dit vertoon word, of tydelike advertensies wat binne of aan 'n besigheidsgebou aangebring is, is vrygestel en die bepalinge van hierdie verordeninge.

Verbode Advertensies, Pamflette en Geskryfte.

4. (1) Geen advertensie of pamflet wat na die mening van die Raad iets onbetaamliks suggereer of wat die openbare sedes kan benadeel of enige banier, mag vertoon of versprei word nie en geen geskryf hoegenaamd mag op of aan enige gebou, paal of struktuur wat die eiendom van die Raad is, aangebring word nie.

(2) Geen pamflette mag op enige wyse vanuit die lug of in enige straat rondgestrooi word nie.

(3) No advertisement, pamphlet or publication relating to any function, event, presentation or business outside the municipality, excluding advertisements, pamphlets or publications relating to charitable, church, political or school functions or meetings, shall be displayed or distributed in any manner.

Requirements for Advertisements.

5. Any person who in the exercise of a permission granted in terms of section 2, displays or causes or suffers to be displayed in a street or other public place a poster or other advertisement, shall comply with or cause to be complied with the following requirements:—

- (a) The poster or other advertisement shall be attached, in such a manner that it will not become wholly or partially dislodged by wind or rain, to a neat and strong board made of wood or other suitable material approved by the Council, and neither such board or other material nor the poster or advertisement itself shall measure more than 36 inches by 24 inches.
- (b) A board or material as prescribed in terms of paragraph (a) shall not be placed on or against or be attached to or otherwise supported by any transformer box, telegraph pole, traffic light or sign or other structure or thing erected by the Council, the Provincial Council or the Government of the Republic except on or against an electric pole or a tree standing in a street, park or other public place.
- (c) Without prejudice to anything contained in paragraph (b), a board or material as prescribed in terms of paragraph (a) shall be firmly fastened to a strong and stable support by wire of gauge not exceeding 8 and not less than 10 standard wire gauge.
- (d) No board or material as aforesaid shall be placed in such a situation or fastened in such a manner as is likely in the opinion of the Council, to constitute a danger to any vehicular traffic or pedestrian in any street or other public place.
- (e) No poster or other advertisement relating to a meeting, function or event other than an election shall be displayed for longer than 14 days before the day on which it begins or longer than three days after the day on which it ends.
- (f) Not more than 30 posters or other advertisements relating to a meeting, function or event other than an election, shall be displayed at any one time.
- (g) Not more than two advertisements may be displayed on the same side of any one street block, nor closer than 25 metres from any street intersection.

Election Advertisements.

6. (1) The requirements prescribed in the succeeding subsections of this section shall be complied with in respect of posters or other advertisements relating to a Parliamentary, Provincial or Municipal election: Provided that nothing in this section contained shall apply to a poster or other advertisement relating to such an election which —

- (a) is located entirely inside fixed premises, that is to say, is displayed elsewhere on such premises than on an exterior wall or on the outside of any fence forming the apparent boundary of the premises;

(3) Geen advertensie, pamflet of geskrif wat betrekking het op enige geleentheid, gebeurtenis, aanbieding of besigheid buite die munisipaliteit, uitgesonderd advertensies, pamflette of geskrifte in verband met liefdadigheids-, kerklike, politieke of skoolgeleenthede of vergaderings, mag op enige wyse vertoon of versprei word nie.

Vereistes in Verband met Advertensies.

5. Enigiemand wat uit hoofde van 'n vergunning wat ingevolge artikel 2 verleen is, in of sigbaar vanaf 'n straat of ander openbare plek 'n plakkaat of 'n ander advertensie vertoon, laat vertoon of duld dat dit vertoon word, moet aan die volgende vereistes voldoen of sorg dat dit nagekom word:—

- (a) Die plakkaat of ander advertensie moet op so 'n wyse dat dit nie vanweë wind of reën heeltemal of gedeeltelik sal los raak nie, aan 'n netjiese en sterk bord van hout, of 'n ander geskikte materiaal wat die Raad moet goedkeur, bevestig word, en nóg die bord of ander materiaal, nóg die plakkaat of advertensie self mag groter as 36 duim by 24 duim wees nie.
- (b) 'n Bord of materiaal ingevolge paragraaf (a) voorgeskryf, mag nie geplaas word op of teen, of bevestig word aan, of andersins gestut word deur 'n transformator, telegraafpaal, verkeerslig of -teken of ander struktuur of ding wat deur die Raad, die Provinsiale Raad of die Regering van die Republiek opgerig is nie, behalwe aan of teen 'n elektriese paal en aan 'n boom wat in 'n straat, park of ander openbare plek staan.
- (c) Behoudens enige bepaling in paragraaf (b) vervat, moet 'n bord of materiaal voorgeskryf ingevolge paragraaf (a), met draad van 'n standaarddraadmaat van uitsers 8 en minstens 10, styf vasgeheg word aan 'n sterk en stewige stut.
- (d) Geen bord of materiaal, soos voormeld, moet op so 'n plek geplaas word of op so 'n wyse bevestig word dat dit na die mening van die Raad 'n gevaar vir voertuigverkeer of voetgangers in 'n straat of op 'n ander openbare plek inhou nie.
- (e) Geen plakkaat of ander advertensie met betrekking tot 'n vergadering, geleentheid of byeenkoms, uitgesonderd 'n verkiesing, mag langer as 14 dae voor die dag waarop dit 'n aanvang neem of langer as 3 dae ná die dag waarop dit geïndig het, vertoon word nie.
- (f) Uitsers 30 plakkate of ander advertensies wat betrekking het op 'n vergadering, geleentheid of byeenkoms, uitgesonderd 'n verkiesing, kan op dieselfde tyd vertoon word.
- (g) Nie meer as twee advertensies mag aan dieselfde kant van een straatblok, en nader as 25 meters van enige straatkruising, vertoon word nie.

Verkiesingsadvertensies.

6. (1) Daar moet aan die vereistes wat in die volgende subartikels van hierdie artikel voorgeskryf word, voldoen word ten opsigte van plakkate of ander advertensies wat op 'n Parlementêre-, Provinsiale Raads- of Munisipale verkiesing betrekking het: Met dien verstande dat niks wat in hierdie artikel vervat is, betrekking het op 'n plakkaat of ander advertensie betreffende sodanige verkiesing wat —

- (a) heeltemal binne 'n vaste perseel aangebring is, dit wil sê wat op 'n ander plek op so 'n perseel aangebring is as op 'n buitemuur of aan die buitekant van 'n heining wat kennelik die grens van die perseel uitmaak;

- (b) is displayed in or on a private motor vehicle parked or being driven in a street or other public place in the course of its normal use as such a vehicle;
- (c) is affixed to a hoarding licensed for the display of advertisements.

(2) In respect of each candidate not more than 20 posters or other advertisements shall be exhibited at any one time in any municipal ward, and not more than 80 shall be so exhibited in the case of any Parliamentary or Provincial election.

(3) No poster or other advertisement shall be displayed for longer than the period extending from the beginning of the day of nomination to the end of the fourth day after midnight of the day of the election.

Manner of Application to Obtain Permission.

7. When any applicant applies for permission to display or distribute an advertisement, election advertisement or pamphlet, such advertisements or pamphlets shall be handed in at the offices of the Council, the necessary application form shall be completed, and the prescribed deposit shall be paid. The Council's official stamp shall be affixed on each such advertisement or pamphlet. No advertisement or pamphlet on which the Council's official stamp has not been affixed shall be displayed or distributed.

Deposits and Fees.

8. No advertisement, election advertisement or pamphlet shall be placed, displayed, or distributed in any street whether or not by virtue of permission given in terms of section 2 unless the appropriate sum below mentioned has first been paid to the Council:—

- (a) In respect of advertisements and election advertisements a deposit of R2 for every 20 or part of that number.
- (b) In respect of pamphlets an amount of R4 for every 100 or part of that number, which amount shall not be refundable.

Removal of Advertisements and Election Advertisements.

9. Every deposit paid in terms of section 8(a) shall, subject to the provisions of section 10 be refunded when, and not before, all the advertisements and election advertisements to which the deposit relates have been removed to the satisfaction of the Council.

10. Any person who, having displayed or caused to be displayed any advertisement or election advertisement, fails to remove it or cause it to be removed within the periods prescribed in terms of section 5(e) or 6(3), shall be guilty of an offence and shall, in addition to any penalty imposed upon him in terms of section 11(1), forfeit the deposit relating to the advertisements and election advertisements paid in terms of section 8(a) or such proportionate part of that deposit as the Council shall assess having regard to the number of posters or advertisements not removed.

Offences.

11. (1) Any person who displays or causes or suffers to be displayed any advertisement or election advertisement in view of any street or other public place or who scatters, places, distributes, causes or suffers to be scattered, placed or distributed, any pamphlet without having obtained permission to do so in terms of section 2 and any person who,

- (b) vertoon word in of op 'n private motorvoertuig wat geparkeer is of in 'n straat of op 'n ander openbare plek bestuur word terwyl sodanige voertuig vir sy gewone doel gebruik word;
- (c) bevestig is aan 'n skutting wat vir die vertoon van advertensies gelisensieer is.

(2) Daar kan ten opsigte van iedere kandidaat uiters 20 plakkate of ander advertensies op dieselfde tyd in enige munisipale wyk, en uiters 80 in die geval van enige Parlementêre- of Provinsiale verkiesing vertoon word.

(3) Geen plakkaat of ander advertensie mag langer as 'n tydperk wat strek van die begin van die nominasiedag tot die einde van die vierde dag na middernag van die verkiesingsdag vertoon word nie.

Wyse van Aansoek om Vergunning te Verkry.

7. Wanneer enige applikant aansoek doen om vergunning te verkry om 'n advertensie, verkiesingsadvertensie of pamflet te vertoon of te versprei, moet sodanige advertensies of pamflette ingehandig word by die Raad se kantore, die nodige aansoekvorm voltooi en die voorgeskrewe deposito betaal word. Op elke sodanige advertensie of pamflet word die Raad se amptelike stempel aangebring. Geen advertensie of pamflet mag vertoon of versprei word waarop die Raad se amptelike stempel nie aangebring is nie.

Deposito's en Gelde.

8. Daar mag, hetsy daar ingevolge die bepalings van artikel 2 vergunning daartoe verleen is of nie, geen advertensie, verkiesingsadvertensie of pamflet in 'n straat geplaas, vertoon, of versprei word nie, tensy die toepaslike bedrag hieronder genoem, aan die Raad betaal is nie:—

- (a) Ten opsigte van advertensies en verkiesingsadvertensies 'n deposito van R2 vir elke 20 of gedeelte van die getal.
- (b) Ten opsigte van pamflette 'n bedrag van R4 vir elke 100 of gedeelte van dié getal, welke bedrag nie terugbetaalbaar is nie.

Verwydering van Advertensies en Verkiesingsadvertensies.

9. Iedere deposito wat ingevolge artikel 8(a) betaal is, word behoudens die bepalings van artikel 10, terugbetaal wanneer al die advertensies en verkiesingsadvertensies waarop die deposito betrekking het tot voldoening van die Raad verwyder is, en nie voor die tyd nie.

10. Iemand wat, nadat hy enige advertensie of verkiesingsadvertensie vertoon of laat vertoon het, versuim om dit te verwyder of te laat verwyder binne die tydperke wat by artikel 5(e) of artikel 6(3) voorgeskryf is, begaan 'n misdryf en benewens enige boete wat hy ingevolge artikel 11(a) moet betaal, verbeur hy ook die deposito met betrekking tot die advertensies en verkiesingsadvertensies wat ingevolge artikel 8(a) betaal is, of 'n deel van die deposito wat die Raad in verhouding tot die getal advertensies wat nie verwyder is nie, kan bepaal.

Misdrywe.

11. (1) Iemand wat in, of in sig van 'n straat of 'n ander openbare plek 'n advertensie of verkiesingsadvertensie vertoon of laat vertoon of duld dat dit vertoon word of 'n pamflet plaas, versprei, laat of duld dat dit geplaas of versprei word, sonder dat hy ingevolge artikel 2 vergunning daartoe verkry het, en iemand wat, nadat hy die betrokke

having obtained permission as aforesaid, fails in respect of an advertisement, election advertisement or pamphlet to comply with any requirement of the by-laws or who otherwise contravenes any provision thereof shall be guilty of an offence and liable on conviction to a penalty not exceeding R100 (one hundred rand).

(2) When any person is charged with an offence in terms of these by-laws relating to any advertisement, election advertisement or pamphlet, the onus shall, when pleading not guilty, rest on him of proving that he neither displayed nor distributed the advertisement, election advertisement or pamphlet, nor caused, permitted or suffered it to be displayed or distributed.

(3) Any person who displays or causes, permits or suffers to be displayed in or in view of any street or other public place any advertisement, election advertisement or pamphlet and any person, other than a police officer or other person charged with the enforcement of these by-laws, who is authorised by the person responsible for the display of the advertisement, election advertisement or pamphlet to remove it shall be deemed to be the displayer or distributor thereof so long as it is displayed or distributed, as aforesaid.

(4) Any person who is either alone or jointly with any other person responsible for organizing or is in control of, any meeting, function or event to which an advertisement or pamphlet relates shall, until the contrary be proved, be deemed to have displayed or distributed or to have caused, permitted or suffered to be displayed every advertisement or pamphlet which is displayed or distributed relating to that meeting, function or event.

(5) The owner and the occupier of land or premises on which any advertisement or election advertisement is displayed in contravention of these by-laws shall be deemed to be guilty of an offence unless in either case he proves that he did not know of or could not by the exercise of reasonable diligence, have known of or prevented such display.

(6) The Council shall be entitled, without giving notice to anyone, itself to remove or destroy any advertisement displayed without its permission having been obtained in terms of section 2 or in contravention of any provision of these by-laws or which has not been removed within the period specified in terms of section 5(e) or 6(3) or which constitutes in any respect a contravention of the provisions of these by-laws, and the person who displayed such advertisement or caused, permitted or suffered it to be displayed shall be liable to refund to the Council the cost, to be assessed and deducted by the Council from the deposit made, of the said removal and destruction, and in addition shall be guilty of an offence.

12. The provisions of these by-laws shall supplement the Council's Building By-laws and shall not replace them.

Damage to Municipal Property.

13. No damage shall be caused to any tree, electric pole or any municipal property, and any person who causes any damage, or permits any damage to be caused shall be guilty of an offence and shall be responsible, in addition to the fine imposed, to repair any damage at his own expense to the satisfaction of the Council.

vergunning verkry het, ten opsigte van 'n advertensie, verkiesingsadvertensie of pamflet versuim om te voldoen aan die bepalings van hierdie verordeninge of wat andersins enige bepalings daarvan oortree, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100 (honderd rand).

(2) Wanneer iemand ingevolge hierdie verordeninge aangekla word van 'n misdryf met betrekking tot 'n advertensie, verkiesingsadvertensie of pamflet rus die bewyslas op hom indien hy onskuldig pleit en moet hy bewys dat hy dit nie vertoon of versprei het nie en dit nie laat vertoon of versprei of toegelaat of geduld het dat dit vertoon of versprei word nie.

(3) Iemand wat 'n advertensie, verkiesingsadvertensie of pamflet in, of in sig van enige straat of ander openbare plek, vertoon, versprei, laat vertoon, versprei, toelaat of duld dat dit daar vertoon of versprei word, asook enig iemand anders, uitgesonderd 'n polisiebeampte of persoon wat belas is met die toepassing van hierdie verordeninge, wat deur die persoon wat vir die vertoning of verspreiding van die advertensie, verkiesingsadvertensie of pamflet verantwoordelik is, gemagtig is om dit te verwyder, word as die vertoner of verspreider daarvan beskou terwyl dit vertoon of versprei word, soos hierbo uiteengesit.

(4) Iemand wat, hetsy alleen of saam met iemand anders, verantwoordelik is vir die reëling van, of wat in beheer staan van 'n vergadering, geleentheid of byeenkoms waarop 'n advertensie of pamflet betrekking het, word, tot tyd en wyl die teendeel bewys is, beskou as die persoon wat elke advertensie of pamflet wat vertoon of versprei word en wat op daardie vergadering, geleentheid of byeenkoms betrekking het, vertoon of versprei het, laat vertoon of versprei het, of toegelaat of geduld het dat dit vertoon of versprei word.

(5) Daar word geag dat die eienaar en die bewoner van grond of 'n perseel waarop 'n advertensie of verkiesingsadvertensie strydig met hierdie verordeninge vertoon word, 'n misdryf begaan het, tensy hy in enigeen van die gevalle bewys dat hy nie van die vertoning van die advertensie geweet het nie of dat hy nie deur redelike mate van waaksaamheid aan die dag te lê, daarvan kon geweet het of dit kon verhinder het nie.

(6) Die Raad kan, sonder om enigiemand daarvan kennis te gee, self enige advertensie verwyder of vernietig wat sonder sy vergunning ingevolge artikel 2 verkry is of wat in stryd met enige bepaling van hierdie verordeninge vertoon word, of wat nie verwyder is binne die tydperk wat ingevolge artikel 5(e) of 6(3) voorgeskryf is nie, of wat in enige opsig strydig is met die bepalings van hierdie verordeninge, en die persoon wat enige sodanige advertensie vertoon het of dit laat vertoon het, of toegelaat of geduld het dat dit vertoon word, is verplig om aan die Raad die koste van genoemde verwydering en vernietiging, wat deur die Raad bepaal en van die gestorte deposito of gelde afgetrek moet word, te vergoed, en is boonop skuldig aan 'n misdryf.

12. Die bepalings van hierdie verordeninge is ter aanvulling van die Raad se Bouverordeninge en vervang hulle nie.

Skade aan Munisipale Eiendom.

13. Geen skade mag aan enige boom, elektriese paal of enige munisipale eiendom aangerig word nie, en enige persoon wat enige skade veroorsaak of laat veroorsaak, is skuldig aan 'n misdryf en is verantwoordelik om, benevens die boete wat opgelê word, enige skade op eie koste te herstel tot bevrediging van die Raad.

The Right to Enter and Inspect Premises.

Heifer, crossbred Africander, brown, 2½ years, right ear swallowtail, crescent at the back, left ear swallowtail.

Heifer, crossbred Africander, grey, 2½ years, right ear swallowtail, crescent at the back and swallow tail.

KLERKSDORP MUNICIPAL POUND ON 25 TH JUNE, 1970, AT 10 A.M.

Heifer, crossbred shorthorn, polled, red, 2

years, no brandmarks, left ear swallowtail, right ear slit in the front and at the back and swallow tail.

ROOIKRAAL POUND, DISTRICT GROBLERSDAL, ON 8TH JULY, 1970, AT 11 A.M.

Mule, black, 7 years, brandmarks indistinct.

Skutverkopings

Tensy voor die tyd gelos, sal die diere hieronder beskryf, verkoop word soos aangedui.

Persone wat navraag wens te doen aangaande die hieronder omskrewe diere moet in die geval van diere in munisipale skutte, die Stadsklerk nader, en wat diere in distrikskutte betref, die betrokke Landdros.

BLOEMHOF MUNISIPALE SKUT OP 24 JUNIE 1970 OM 11 VM.

Vers, baster Afrikaner, bruin, 2½ jaar, regteroor swaelstert, halfmaan van agter, linkeroor swaelstert.

Vers, baster Afrikaner, bruin, 2½ jaar, regteroor swaelstert, halfmaan van agter, linkeroor swaelstert.

Vers, baster Afrikaner, grys, 2½ jaar, regteroor swaelstert, halfmaan van agter, linkeroor swaelstert.

KLERKSDORP MUNISIPALE SKUT OP 25 JUNIE 1970 OM 10 VM.

Vers, baster korthoring, poenskop, rooi, 2 jaar, geen brandmerke nie, linkeroor swaelstert, regteroor snytjie van voor en van agter en swaelstert.

ROOIKRAALSKUT, DISTRIK GROBLERSDAL OP 8 JULIE 1970 OM 11 VM.

Muil, swart, 7 jaar, brandmerk onduidelik.

Notices By Local Authorities

Plaaslike Bestuurskennisgewings

VILLAGE COUNCIL OF GREYLINGSTAD.

LEASE OF LAND

Notice is hereby given in terms of section 79(18) of the Local Government Ordinance No. 17 of 1939, as amended that the Village Council of Greylingstad intends, subject to the approval of the Administrator, to lease a portion of Erf 389 to the Firm Slabbert, Verster and Malherbe, to be used as sale pens, for a period of 5 (five) years.

Particulars of the proposed lease of Erf 389 are open for inspection during normal office hours for a period of 1 (one) month from the date of this publication.

Any person wishing to object against the intention of the Village Council to exercise its powers as indicated above, must lodge such objection in writing with the undersigned not later than 3rd July, 1970.

J. T. POTGIETER,

Town Clerk.

Municipal Offices,
Greylingstad.
3rd June, 1970.

DORPSRAAD VAN GREYLINGSTAD

VERHUUR VAN GROND

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalinge van Artikel 79(18) van die Plaaslike Bestuur Ordonnansie No. 17 van 1939, soos gewysig dat die Dorpsraad van Greylingstad van voorneme is om, onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur sekere gedeelte van Erf 389 aan die Firma Slabbert, Verster en Malherbe vir 'n tydperk van 5 jaar te verhuur vir gebruik as vendusie-krake.

Besonderhede met betrekking tot die voorgenome verhuur van Erf 389, sal gedurende gewone kantoorure ter insae lê vir 1 (een) maand vanaf die datum van hierdie kennisgewing.

Enige persoon wat wil beswaar aanteken teen die Raad se voorneme om sy magte, soos hierbo uiteengesit, uit te oefen, moet sodanige beswaar skriftelik by die ondergetekende indien nie later dan 3 Julie 1970.

J. T. POTGIETER,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Greylingstad.
3 Junie 1970.

301—3—10—17.

CITY OF JOHANNESBURG

TO: Phillipus Daniel Havenga, the owner of Holding 15 Patlynn Agricultural Holdings; Edith Amelia Jansen (Divorcee); the owner of Holding 20 Patlynn Agricultural Holdings; Alfred James McMorran, the owner of Holding 11 Ris Park Agricultural Holdings; Jacobus Paulus Engelbrecht and Ulrique Wegener, married without community of property to Robert Herbert Wegener, the owners of undivided ¼ and 3/32 shares, respectively, in Portion 20 (a portion of Portion 1) of the farm Rietvlei no. 101 I.R., Francisco Gonsalves Borrageiro, the owner of Portion 93 (a portion of Portion 4) of the farm Olifantsvlei No. 327 I.Q., and the lessees, reputed lessees and occupiers of the lands above described whose whereabouts is unknown to the City Council of Johannesburg.

EXPROPRIATION OF LAND FOR A REGIONAL PARK

I refer to the notice published in the *Provincial Gazette, The Star and Die Vaderland* on 12th, 19th and 26th March

1969 of the Council's intention to expropriate the abovementioned properties together with other properties for a Regional Park and for purposes incidental thereto, in terms of Section 6(1)(c) read with Section 3 of the Municipalities Powers of Expropriation Ordinance 1903, as amended.

I hereby inform you that the Council has been duly authorized hereto by the Hon. the Administrator and hereby puts in force the powers conferred on it by the aforesaid Ordinance and I now require you, either as owners, lessees or occupiers of the above-mentioned properties, in terms of Section 7 of the said Ordinance to submit to me without delay a statement in writing specifying the nature and extent of your ownership in your aforesaid property or of any interest held by you in such property, under what title the same is held and the claim made by you in respect thereof.

The Council is willing to treat for the purchase of each property and as to the compensation to be made for the damage that may be sustained by you by reason of such purchase or the carrying out of the purpose for which the property is required.

In terms of the aforesaid Ordinance, the Council must apply the compensation it is required to pay towards the payment of any mortgage bond and interest due in respect of each property and the balance, if any, to the owner. When replying please supply the names and addresses of the holders of any bonds over your property with a statement showing the balances due on such bonds. Please also advise the names and addresses of any tenants, the rentals paid by them and the dates upon which any leases enjoyed by them commenced and terminate.

S. D. MARSHALL,
Clerk of the Council.

Municipal Offices,
Johannesburg.
10th June, 1970.

326—10—17—24

DIE STAD JOHANNESBURG

AAN: Phillipus Daniel Havenga, die eienaar van Hoewe no. 15, Patlynlandbouhoewes; Edith Amelia Jansen (geskeide); die eienaar van hoewe no. 20, Patlynlandbouhoewes; Alfred James McMorran, die eienaar van Hoewe no. 1, Risparklandbouhoewes; Jacobus Paulus Engelbrecht en Ulrique Wegener, buite gemeenskap van goedere getroud met Robert Herbert Wegener, die eienaars van onderskeidelik 1 en 3/32 onverdeelde aandele van Gedeelte 20 (n gedeelte van Gedeelte 1) van die plaas Rietvlei no. 101 I.R., Francisco Gonsalves Borrageiro, die eienaar van Gedeelte 93 (n gedeelte van Gedeelte 4) van die plaas Olifantsvlei no. 327 I.Q., en die huurders, beweerde huurders en okkuperders van die grond hierbo beskryf, wie se adresse aan die Stadsraad van Johannesburg onbekend is.

ONTEIENING VAN GROND VIR 'N STREEKPARK.

Ek verwys na die kennisgewing wat op 12, 19 en 26 Maart 1969 in die *Provinsiale Koerant*, *The Star* en *Die Vaderland* gepubliseer is van die Raad se voorneme om ingevolge artikel 6(l)(c) gelees met artikel 3 van die Municipalities Powers of Expropriation Ordinance 1903, soos gewysig, bogenoemde eiendomme tesame met ander eiendomme vir 'n streekpark en vir ander doeleindes wat daarmee saamhang te onteien.

Ek wil u hiermee in kennis stel dat die Raad behoorlik deur Sy Edele die Administrateur hiertoe gemagtig is en dat hy hiermee die bevoegdheid wat ingevolge die genoemde Ordonnansie aan hom verleen is, uitoefen en ek eis nou van u as eienaars, huurders of okkuperders van bogenoemde eiendomme om ingevolge artikel 7 van genoemde Ordonnansie, onverwyld 'n skriftelike verklaring aan my voor te lê waarin die aard en omvang van u eiendomsreg op genoemde eiendom, enige belang wat u in sodanige eiendom het, ingevolge watter transportakte dit gehou word en die aanspraak wat u ten opsigte daarvan maak, uiteengesit word.

Die Raad is gewillig om te onderhandel oor die aankoop van elke eiendom, en ook oor vergoeding wat betaal moet word ten opsigte van enige skade wat u mag ly as gevolg van so 'n aankoop of omdat die eiendom gebruik word vir die doel waarvoor dit nodig is.

Ingevolge die bepalings van die genoemde Ordonnansie moet die Raad die vergoeding wat hy moet betaal, aanwend ter aflossing van enige verband en die rente daarop wat ten opsigte van elke eiendom mag bestaan, en moet die saldo, indien daar een is, aan die eienaar betaal word. In u antwoord moet u asseblief die name en adresse van die houters van enige verbande op u eiendom verstrek en dit saam met 'n staat waarin die verskuldigde saldo op sulke verbande aangetoon word, indien. Verstrek asseblief ook die name en adresse van enige huurders, die huur wat deur hulle betaal word en die datums waarop die huurooreenkomste wat met hulle aangegaan is, van krag geword het en waarop dit verval.

S. D. MARSHALL,
Klerk van die Raad.

Stadhuis,
Johannesburg.
10 Junie 1970.

326—10—17—24.

TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT OF PERI-URBAN AREAS

KLIP RIVER VALLEY LOCAL AREA COMMITTEE VALUATION ROLL

Notice is hereby given that the Valuation Roll for the Klip River Valley Local Area Committee area has been completed and has been certified in accordance with the provisions of Section 14 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933, and that the said roll shall become fixed and binding upon all parties who shall not have appealed within one month from the date of the first publication of this notice, against the decision of the Valuation Court, in the manner prescribed in the said Ordinance.

By Order of the President of the Court.

C. J. FOURIE,

Clerk of the Valuation Court.

Notice No. 85/70.

P.O. Box 1341,

Pretoria.

10th June, 1970.

TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING VIR BUITESTEDELIKE GEBIEDE

KLIPRIVERVALLEI PLAASLIKE GEBIEDSKOMITEE WAARDERINGSLYS

Kennis geskied hiermee dat die Waarderingslys vir die Kliprivervallei Plaaslike Gebiedskomiteegebied, voltooi is, en ooreenkomstig Artikel 14 van die Plaaslike Bestuur Belasting Ordonnansie, 1933, gesertifiseer is, en dat dit vasgestel en bindend gemaak sal word op alle partye wat nie binne een maand vanaf die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, teen die beslissing van die Waarderingshof, op die wyse soos in genoemde Ordonnansie voorgeskryf, geappelleer het nie.

Op gesag van die President van die hof.

C. J. FOURIE,

Klerk van die Waarderingshof.

Kennisgewing No. 85/70.

Posbus 1341,

Pretoria.

10 Junie 1970.

334—10—17

TOWN COUNCIL OF VENTERSDORP

ALIENATION OF LAND.

Notice is hereby given in terms of Section 79(18) of Local Government Ordinance No. 17 of 1939, that it is the intention of the Council, subject to the consent of the Administrator, to grant erven No.'s 118 and 131 Ventersdorp to the Methodist Church.

The conditions of grant may be inspected at the office of the Town Clerk during office hours and any objections to the said grant must be lodged, in writing, with the undersigned not later than the 2nd August, 1970.

F. D. GROBLER,
Acting Town Clerk.

STADSRAAD VAN VENTERSDORP

VERVREEMDING VAN GROND

Kennis geskied hiermee ooreenkomstig die bepalings van Artikel 79(18) van die

Ordonnansie op Plaaslike Bestuur Nr. 17, van 1939, dat onderhewig aan die toestemming van die Administrateur, die Raad van voorneme is om erwe nrs. 118 en 131 Ventersdorp aan die Metodiste Kerk te skenk.

Die voorwaarde van skenking kan nagesien word in die kantoor van die Stadsklerk gedurende normale kantoorure en skriftelike besware teen die voorgename skenking moet by die ondergetekende ingedien word nie later as 2 Augustus 1970.

F. D. GROBLER,
Waarnemende Stadsklerk.
340—10-17-24

TOWN COUNCIL OF VENTERSDORP

PROPOSED PERMANENT CLOSING OF CERTAIN STREET PORTIONS

Notice is hereby given in terms of the provisions of Section 67 and 68 of the Local Government Ordinance No. 17 of 1939 (as amended), that the Town Council has resolved to close permanently a portion of street reserve of Moosa Park, District Ventersdorp.

A plan indicating the street portion concerned, will lie for inspection during office hours at the office of the undersigned for a period of 60 days as from 2nd June, 1970.

Any person who wishes to object against the proposed closing of the street portion must lodge such objection in writing to the undersigned not later than the 2nd August, 1970.

By order of the Council.

F. D. GROBLER,
Acting Town Clerk.

STADSRAAD VAN VENTERSDORP

VOORGESTELDE PERMANENTE SLUITING VAN SEKERE STRAAT-GEDELTES.

Kennis geskied hiermee ooreenkomstig die bepalings van Artikel 67 en 68 van die Plaaslike Bestuursordonnansie nr. 17 van 1939 (soos gewysig), dat die Stadsraad van Ventersdorp besluit het om 'n gedeelte van straatreserwe van die dorp Moosa Park, Distrik Ventersdorp te sluit.

'n Plan wat die betrokke straatgedeelte aandui, sal gedurende kantoorure ter insae lê by die kantoor van die ondergetekende vir 'n tydperk van 60 dae vanaf 2 Junie 1970.

Enige persoon wat beswaar wens te maak teen die voorgestelde sluiting van die betrokke straatgedeelte moet sodanige beswaar skriftelik indien by die kantoor van die ondergetekende nie later nie as 2 Augustus 1970.

Op las van die Raad,

F. D. GROBLER,
Waarnemende Stadsklerk.
341—10-17-24

TOWN COUNCIL OF MEYERTON

PERMANENT CLOSING AND PROPOSED ALIENATION OF PARK 821, MEYERTON EXTENSION No. 4.

Notice is hereby given in terms of section 68 of Ordinance No. 17 of 1939, as amended, that it is the intention of the Town Council of Meyerton, subject to the approval of the Honourable the Administrator, to close Park 821, Meyerton Extension No. 4 permanently.

Notice is also hereby given in terms of section 79 (18) of the aforesaid Ordinance that it is the intention of the Town Council of Meyerton, subject to the approval of the Honourable the Administrator, to subdivide Park 821 after closing, in two portions, and to alienate the said portions to Messrs. Freletta Belegging (Pty.) Ltd. and the Apostolic Faith Mission of South Africa for parking purposes.

Plans indicating Park 821 and the conditions of alienation will be open for inspection during normal office hours in the office of the Town Clerk.

Any person who considers that his interests will be adversely affected by the proposed closing and alienation, or who wishes to object to the closing and alienation, must submit his objection in writing with the Town Clerk, within 60 days from date of publication hereof.

P. J. VENTER,
Town Clerk.

Municipal Offices,
P.O. Box 9,
Meyerton.
10th June, 1970.
Notice No. 21/5/70 — S/19.

STADSRAAD VAN MEYERTON

SLUITING EN VERVREEMDING VAN PARK 821, MEYERTON UITBREIDING NO. 4.

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 68 van Ordonnansie No. 17 van 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Meyerton van voorneme is om onderhewig aan die goedkeuring van Sy Edele die Administrateur, Park 821, Meyerton Uitbreiding No. 4 permanent te sluit.

Kennis geskied ook hierby ingevolge die bepalings van artikel 79(18) van die Ordonnansie voornoem, dat die Stadsraad van Meyerton van voorneme is om onderhewig aan die goedkeuring van Sy Edele die Administrateur, nadat Park 821 gesluit is, dit in twee ewegroot gedeeltes te onderverdeel, en aan Mnr. Freletta Beleggings (Edms.) Beperk en die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika vir Parkeerdoel-eindes te vervreem.

Planne aantoonende Park 821, en voorwaardes van vervreemding, lê gedurende gewone kantoorure in die kantoor van die Stadsklerk ter insae.

Iedereen wat van mening is dat die sluiting en vervreemding, sy belange nadelig sal raak, of wat beswaar wil maak, moet sodanige besware skriftelik by die

Stadsklerk, binne 60 dae vanaf datum van afkondiging hiervan inhandig.

P. J. VENTER,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Posbus 9,
Meyerton.

10 Junie 1970.

Kennisgewing No. 21/5/70 - S/19.
343—10-17-24

TOWN COUNCIL OF DELMAS

AMENDMENT OF BY-LAWS.

Notice is hereby given in terms of section 96 of the Local Government Ordinance No. 17 of 1939, as amended, that the Town Council of Delmas proposes to amend the following by-laws:—

(a) WATER SUPPLY BY-LAWS.

To amend the existing water supply by-laws in order to change it over to the metric system and to increase the tariff for service connections.

(b) SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.

To amend the existing Sanitary and Refuse Removals tariff in order to change it over to the metric system.

(c) BUILDING BY-LAWS.

To amend the existing Building By-laws in order to change it over to the metric system and to increase the fees for the approval of building plans.

(d) ELECTRICITY SUPPLY BY-LAWS.

To amend the existing Electricity Supply By-Laws in order to make provision for a basic charge and to reduce certain other tariffs.

Copies of the proposed amendments are open for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, Municipal Offices, Delmas, for a period of 21 days from date of publication hereof, viz. till Wednesday, 8th July, 1970 at 12 noon.

C. F. B. MATTHEUS,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Delmas.

Municipal Notice No. 19/1970.
17th June, 1970.

STADSRAAD VAN DELMAS

WYSIGING VAN VERORDENINGE

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, nr. 17 van 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Delmas van voorneme is om die volgende verordeninge te wysig soos aangetoon:—

(a) WATERVOORSIENINGS-VERORDENINGE.

Om die bestaande watervoorsieningsverordeninge om te skakel na die metrieke stelsel en om die gelde vir die aansluitings te verhoog.

(b) SANITÊRE EN VULLIS VERWYDERINGSTARIEF.

Om die bestaande sanitêre en vullis-verwyderingstarief om te skakel na die metrieke stelsel.

(c) BOUVERORDENINGE.

Om die bestaande bouverordeninge om te skakel na die metrieke stelsel en om die gelde vir die goedkeuring van bouplanne te verhoog.

(d) ELEKTRISITEITSVOORSIENINGS-VERORDENINGE.

Om die bestaande elektrisiteitsvoorsieningsverordeninge te wysig deur voorstening te maak vir 'n basiese tarief en om sekere ander tariewe te vermind.

Afskrifte van die voorgestelde wysigings lê gedurende gewone kantoorure ter insae in die kantoor van die Stadsklerk, Munisipale kantoor, Delmas, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf die datum van hierdie publikasie, nl. tot Woensdag 8 Julie 1970 om 12 uur middag.

C. F. B. MATTHEUS,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Delmas.

Munisipale Kennisgewing Nr. 19/1970.
17 Junie 1970.

349—17

TOWN COUNCIL OF POTCHEFSTROOM.

PROPOSED SCHEME:
AMENDMENT SCHEME 1/33.

The Town Council of Potchefstroom has prepared a draft amendment Town Planning Scheme, to be known as Amendment Scheme 1/33.

This draft scheme contains the following proposals:

1. That the scheme clauses of the Town Planning Scheme be amended by inserting a density restriction of one dwelling per 14 000 sq. ft. in respect of the following existing "general residential" erven:
Portion 1 erf 846, 20 and 22 Borchard Street; Portion 2 erf 846, 24 Borchard Street; Remainder erf 846, 81 Molen Street; Portion 1 erf 843, 85 Molen Street; Remainder erf 843, 83 Molen Street; Portion 1 erf 842, 89 Molen Street; Remainder erf 842, 87 Molen Street; Portion A erf 838, 95 Molen Street; Remainder erf 838, 97 Molen Street; Portion 1 erf 835, 3 or 5 Esselen Street; Remainder erf 835, 99 Molen Street or 1 Esselen Street.
2. That the scheme clauses of the Town Planning Scheme be amended by the addition of the following to table "C" below the word "Coloured": "Washed orange - 18 000".
This addition to the scheme clauses is only a correction in order to bring the scheme clauses in conformity with the scheme map. In a previous scheme (1/13) the density of portion 6 and 7 of consolidated erf 134 (5 and 7 Clark Street) and erf 1727 (91 and 93 Molen Street) was indicated as one dwelling per 18 000 sq. ft. while a corresponding clause was not inserted in the scheme clauses.
3. (a) That a building line of 15 cape feet be imposed in respect of portion 1 and the remaining extent of erf 835 (5, 3 and 1 Esselen Street) on Esselen Street.

- (b) That a building line of 24 cape feet be imposed on the eastern side of the undermentioned erven adjacent to Molen Street (between Esselen and Borcherd Streets). Portion 1 erf 846, 20 and 22 Borcherd Street; Remainder erf 846, 81 Molen Street; Remainder erf 843, 83 Molen Street; Portion 1 erf 843, 85 Molen Street; Remainder erf 842, 87 Molen Street; Portion 1 erf 842, 89 Molen Street; Erf 1727, 91 and 93 Molen Street; Portion A erf 838, 95 Molen Street; Remainder erf 838, 97 Molen Street; Remainder erf 835, 99 Molen Street.
- (c) That a building line of 15 cape feet be imposed on Borcherd Street in respect of portions 2 and 1 of erf 846 (24, 22 and 20 Borcherd Street).

Particulars of this scheme are open for inspection at the Town Clerk's office, Municipal Buildings, Kerk Street, Potchefstroom for a period of four weeks from the date of the first publication of this notice, which is 17th June, 1970.

The Council will consider whether or not the scheme should be adopted. Any owner or occupier of immovable property within the area of the abovementioned Town Planning Scheme or within 1 mile of the boundary thereof has the right to object to the scheme or to make representations in respect thereof and if he wishes to do so he shall, within four weeks of the first publication of this notice, which is 17th June, 1970, inform the Local Authority, in writing of such objection or representation and shall state whether or not he wishes to be heard by the Local Authority.

S. H. OLIVIER,
Town Clerk.

STADSRAAD VAN POTCHEFSTROOM.

VOORGESTELDE SKEMA: WYSIGINGSKEMA 1/33.

Die Stadsraad van Potchefstroom het 'n wysigingskema opgestel, wat bekend sal staan as Wysigingskema 1/33.

Hierdie ontwerp-skema bevat die volgende voorstelle:

1. 'n Digtheidsbepaling van een woonhuis per 14 400 vk. vt. word ten opsigte van die volgende bestaande „Algemene woon” persele in die skemaklousules ingevoeg:

Gedeelte 1 erf 846, Borcherdstraat 20 en 22; Gedeelte 2 erf 846, Borcherdstraat 24; Restant erf 846, Molenstraat 81; Gedeelte 1 erf 843, Molenstraat 85; Restant erf 843, Molenstraat 83; Gedeelte 1 erf 842, Molenstraat 87; Restant erf 842, Molenstraat 95; Restant erf 838, Molenstraat 97; Gedeelte 1 erf 835, Esselenstraat 3 of 5; Restant erf 835, Molenstraat 99 of Esselenstraat 1.

2. In die skemaklousules word die volgende bygevoeg tot tabel „C” onder die woord „Gekleurd”: „Oranje - 18 000”. Hierdie byvoeging tot die skemaklousules is slegs 'n regstelling om die skemaklousules in ooreenstemming te bring met die skema-kaart. In 'n vroeëre wysigingskema (1/13) is die digtheid van gedeeltes 617 van gekonsolideerde erf 134 (Clarkstraat 5 en 7) en erf 1727 (Molenstraat 91 en 93) op die skema-kaart aangetoon as een woonhuis per 18 000 vk. vt. en daar is toe per abuis nagelaat om die skemaklousules dien-ooreenkomstig te wysig.

3. (a) 'n Boulyn van 15 Kaapse vt. word aan Esselenstraat oor gedeelte 1 en die restant van erf 835 (Esselenstraat 5, 3 en 1) neergelê.

- (b) 'n Boulyn van 24 Kaapse vt. word aan die oostekant van die ondergenoemde erwe aan Molenstraat (tussen Esselen- en Borcherdstraat) neergelê:

Gedeelte 1 erf 846, Borcherdstraat 20 en 22; Restant erf 846, Molenstraat 81; Restant erf 843, Molenstraat 83; Gedeelte 1 erf 843, Molenstraat 85; Restant erf 842, Molenstraat 87; Gedeelte 1 erf 842, Molenstraat 89; Erf 1727, Molenstraat 91 en 93; Gedeelte A erf 838, Molenstraat 95; Restant erf 838, Molenstraat 97; Restant erf 835, Molenstraat 99.

- (c) 'n Boulyn van 15 Kaapse vt. word aan Borcherdstraat oor gedeelte 2 en gedeelte 1 van erf 846 (Borcherdstraat 24, 22 en 20) neergelê.

Besonderhede van hierdie skema lê ter insae in die kantoor van die Stadsclerk, Munisipale kantore, Kerkstraat, Potchefstroom vir 'n tydperk van vier weke vanaf die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing naamlik 17 Junie 1970.

Die Raad sal oorweeg of die skema aangeneem moet word aldan nie. Enige eienaar of okkupant van vaste eiendom binne die gebied van bogemelde Dorpsbeplanningsskema of binne 1 myl van die grens daarvan het die reg om teen die skema beswaar te maak of om verhoë ten opsigte daarvan te rig en indien hy dit wil doen, moet hy die Plaaslike bestuur binne vier weke vanaf die eerste publikasie van hierdie kennisgewing naamlik 17 Junie 1970 skriftelik van sodanige beswaar of verhoë in kennis stel en vermeld of hy deur die Plaaslike Bestuur gehoor wil word of nie.

S. H. OLIVIER,
Stadsclerk.
350-17-24

TOWN COUNCIL OF POTCHEFSTROOM.

PROPOSED SCHEME: AMENDMENT SCHEME 1/37.

The Town Council of Potchefstroom has prepared a draft amendment Town Planning Scheme, to be known as Amendment Scheme 1/37.

This draft scheme contains the following proposals:

1. The Town Council recently offered to Messrs. Bortz & Sons to exchange the road portions between the remainder of portion 18 of erf 126 and portion 5 of erf 1566 for an equal piece of land on the northern side of portion 4 of erf 1566 which is required for a road widening and a pedestrian lane.

Such an exchange will bring about that the erven of Messrs. Bortz and Sons can be consolidated to form one erf.

2. Before the exchange can materialize certain amendments to the Town Planning Scheme are necessary in order to change the zoning of the relevant portions, namely, that the road portions between the remainder of portion 18 of erf 126 and portion 5 of erf 1566 be rezoned to "special residential" under that the portion of portion 4 of erf 1566 be rezoned to "street widening".
3. The portion of portion 1 (street) of erf 1566 which is also incorporated in this amendment scheme, has already been rezoned to "special residential" under amendment scheme 1/13, but it was omitted to indicate the height zone. This omission is now rectified by this amendment scheme.

Particulars of this scheme are open for inspection at the Town Clerk's office, Municipal Buildings, Kerk Street, Potchefstroom for a period of four weeks from the date of the first publication of this notice, which is 17th June, 1970.

The Council will consider whether or not the scheme should be adopted. Any owner or occupier of immovable property within the area of the abovementioned Town Planning Scheme or within 1 mile of the boundary thereof has the right to object to the scheme or to make representations in respect thereof and if he wishes to do so he shall, within four weeks of the first publication of this notice, which is 17th June, 1970, inform the Local Authority, in writing of such objection or representation and shall state whether or not he wishes to be heard by the Local Authority.

S. H. OLIVIER,
Town Clerk.

STADSRAAD VAN POTCHEFSTROOM.

VOORGESTELDE SKEMA: WYSIGINGSKEMA 1/37.

Die Stadsraad van Potchefstroom het 'n wysigingskema opgestel, wat bekend sal staan as Wysigingskema 1/37.

Hierdie ontwerp-skema bevat die volgende voorstelle:

1. Die Raad het onlangs besluit om die padgedeeltes tussen restant van gedeelte 18 van erf 126 en gedeelte 5 van erf 1566 in ruil aan te bied aan Bortz en Seuns, wat nou ook die eienaars van gedeelte 4 en gedeelte 5 van erf 1566 is, vir 'n gelykmatige gedeelte grond aan die noordekant van gedeelte 4 van erf 1566, wat benodig word vir 'n straatverbreding en 'n voetgangerslaan. So 'n ruiling bring te weeg dat die firma Bortz en Seuns se persele 'n eenheid sal vorm.

2. Om die betrokke ruiling deur te voer, is daar egter sekere wysigings aan die Dorpsaanlegskema vereis, vir die regstelling van voorgestelde nuwe gebuie van die onderskeie gedeeltes betrokke by die ruiling, naamlik dat die padgedeeltes tussen restant van gedeelte 18 van erf 126 en gedeelte 5 van erf 1566 na spesiale besigheidsdoeleindes herbestem word, sowel as dat gedeelte van gedeelte 4 van erf 1566 na voorgestelde straatverbreding herbestem moet word.

3. Die gedeelte van gedeelte 1 (pad) van erf 1566 wat ook opgeneem is in hierdie betrokke wysiging is reeds onder wysigingskema 1/13 as Spesiale besigheid bestem, dit was egter nagelaat om die hoogtestreek aan te toon, en om daardie redes is die betrokke gedeelte weer eens ingesluit in die voorgestelde wysiging.

Besonderhede van hierdie skema lê ter insae in die kantoor van die Stadsclerk, Munisipale Kantore, Kerkstraat, Potchefstroom vir 'n tydperk van vier weke vanaf die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing naamlik 17 Junie 1970.

Die Raad sal oorweeg of die skema aangeneem moet word al dan nie, Enige eienaar of okkupant van vaste eiendom binne die gebied van bogemelde Dorpsbeplanningskema of binne 1 myl van die grens daarvan het die reg om teen die skema beswaar te maak of om verhoë ten opsigte daarvan te rig en indien hy dit wil doen, moet hy die Plaaslike Bestuur binne vier weke vanaf die eerste publikasie van hierdie kennisgewing naamlik 17 Junie 1970 skriftelik van sodanige beswaar of verhoë in kennis stel en vermeld of hy deur die Plaaslike Bestuur gehoor wil word of nie.

S. H. OLIVIER,
Stadsclerk.
351—17—24

MUNICIPALITY OF STANDERTON.

MUNICIPAL NOTICE NO. 19 OF 1970 PROPOSED AMENDMENT TO BY-LAWS.

It is hereby notified in terms of Section 96 of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, as amended, that the Town Council of Standerton proposes to amend the following by-laws:

- (1) Sanitary and Refuse Removals Tariff published under Administrators Notice No. 918 dated the 13th December, 1961, as amended.

Copies of these amendments are open for inspection at the Council's Offices, Room No. 69, during a period of twenty-one days from the date of publication hereof.

G. B. HEUNIS,
Town Clerk.

Municipal Offices,
P.O. Box 66, Standerton.
2nd June, 1970.

STANDERTON MUNISIPALITEIT.

MUNISIPALE KENNISGEWING NR. 19 VAN 1970 VOORGENOME WYSIGING VAN VERORDENINGE.

Dit word hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, Nr. 17 van 1939, soos gewysig, bekend gemaak dat die Stadsraad van Standerton van voorneme is om die volgende verordeninge te wysig:

- (1) Die Sanitêre en Vullisverwyderings-tarief afgekondig by Administrateurskennisgewing Nr. 918 gedateer 13 Desember 1961, soos gewysig.

Afskrifte van die wysigings van hierdie verordeninge lê ter insae by die Raad se kantoor, Kamer Nr. 69, vir 'n tydperk van een-en-twintig dae met ingang van die datum van publikasie hiervan.

G. B. HEUNIS,
Stadsclerk.

Munisipale Kantore,
Posbus 66, Standerton.
2 Junie 1970.

352—17

TOWN COUNCIL OF BOKSBURG.

AMENDMENT: BY-LAWS.

It is hereby notified, in terms of Section 96 of the Local Government Ordinance, 1939; as amended, that the Town Council of Boksburg proposes:—

- (a) To amend the By-laws Governing the Hire of Halls in order to make the By-laws applicable to the halls in the Coloured Residential area; to make tariffs for those halls and to increase the present tariffs for the hire of halls in the light of the increased cost structure.
- (b) To adopt the Standard By-laws Regulating the Safe-guarding of Swimming Pools and Excavations published by Administrator's Notice No. 423 dated 22nd April, 1970; and to make the said By-laws applicable within the Municipal area of Boksburg.

The proposed amendments and By-laws will be open for inspection at Room 7, First Floor, Municipal Offices, Boksburg, from the date of this notice until the 15th July, 1970, and any person wishing to do so must lodge his objections with me in writing, in duplicate, not later than the date mentioned.

P. RUDO NELL,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Boksburg.
17th June, 1970.
(No. 54)(B1/1/5—38).

STADSRAAD VAN BOKSBURG.

WYSIGING VAN VERORDENINGE.

Daar word ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, bekend gemaak dat die Stadsraad van Boksburg van voorneme is om:—

- (a) Die Verordeninge insake die Huur van sale te wysig om dit ook op die sale in die Kleurlingwoongebied van toepassing te maak en tariewe vir daardie sale af te kondig asook om die huidige tariewe vir die huur van sale te verhoog om by die verhoogde koste-struktuur aan te pas.
- (b) Die Standaardverordeninge waarby die beveiliging van swembaddens en uitgrawings gereguleer word, soos afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 423 van 22 April 1970, te aanvaar en in die munisipale gebied van Boksburg van toepassing te maak.

Die voorgestelde wysigings en Verordeninge lê van die datum hiervan af tot 15

Julie 1970 in Kamer No. 7, Eerste Verdieping, Stadhuis, Boksburg ter insae en enige persoon wat teen die voorgestelde wysiging beswaar wil opper, moet sy beswaar uiters op genoemde datum skriftelik in tweevoud by my indien.

P. RUDO NELL,
Stadsclerk.

Stadhuis,
Boksburg.
17 Junie 1970.
(No. 54)(B1/1/5—38).

353—17

TOWN COUNCIL OF NYLSTROOM.

AMENDMENT OF WATER SUPPLY BY-LAWS.

Notice is hereby given in terms of Section 96 of the Local Government Ordinance No. 17 of 1939, as amended, that it is the intention of the Town Council to amend its Water Supply By-Laws in order to adopt the tariffs to the metric system of measurement.

Copies of the proposed amendments will be open for inspection during office hours in the Clerk of the Council's Office, and objections, if any, must be lodged, in writing with the undersigned on or before the 10th July, 1970.

J. C. BUYS,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Private Bag 1008,
Nylstroom.
(Notice No. 61 - 3/6/1970).

STADSRAAD VAN NYLSTROOM.

WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van voorneme is om sy Watervoorsieningsverordeninge te wysig deur die tariewe by die metrieke maatstelsel aan te pas.

Afskrifte van die voorgestelde wysigings lê ter insae in die kantoor van die Klerk van die Raad gedurende kantoorure en enige beswaar daarteen moet skriftelik by die ondergetekende ingedien word, nie later nie as 10 Julie 1970.

J. C. BUYS,
Stadsclerk.

Munisipale Kantore,
Privaatsak 1008,
Nylstroom.
(Kennisgewing Nr. 61 - 3/6/1970)

354—17

TOWN COUNCIL OF RUSTENBURG.

AMENDMENT OF PUBLIC HEALTH BY-LAWS.

Notice is hereby given in terms of Section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council proposes to amend its Public Health By-Laws in order to provide for effective control over the keeping of poultry and birds; restriction of the number of poultry that may be kept on premises; prohibition of keeping of poultry on premises of less than 9000

sq. ft.; and control over the erection and maintenance of poultry houses; pigeon lofts and runs, etc.

Copies of the proposed amendment are open for inspection at the office of the undersigned for a period of twenty-one days from publication hereof.

J. C. LOUW,
Town Clerk.

29th May, 1970.

STADSRAAD VAN RUSTENBURG.

WYSIGING VAN PUBLIEKE GESONDHEIDSVERORDENINGE.

Kennis word hiermee ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gegee dat die Stadsraad van voorneme is om sy Publieke Gesondheidsverordeninge te wysig deur voorsiening te maak vir doeltreffende beheer oor die aanhou van pluimvee en voëls; die beperking van die aantal pluimvee wat op 'n perseel mag aangehou word; die verbod op die aanhou van pluimvee op persele kleiner as 9000 vk. vt. en beheer oor die oprigting en instandhouding van hokke, kampe, ens.

Afskrifte van die voorgestelde wysiging lê ter insae in die kantoor van ondergetekende vir 'n tydperk van een-en-twintig dae vanaf publikasie hiervan.

J. C. LOUW,
Stadsklerk.

29 Mei 1970.

355—17

MUNICIPALITY OF NYLSTROOM.

TRIENNIAL VALUATION ROLL 1970/73 AND INTERIM ROLLS 1967/68 AND 1968/69: FIRST SITTING OF VALUATION COURT.

Notice is hereby given in terms of section 13(8) of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933, as amended, that the First Sitting of the Valuation Court to consider objections to the abovementioned Rolls will be held in the Supper Room of the Town Hall, Nylstroom, on Thursday, June 25th, at 9.00 a.m.

D. J. VAN DEN BERG,
Clerk of the Valuation Court.

Municipal Offices,
Private Bag 1008,
Nylstroom.
(Notice No. 62 - 5/6/1970)

MUNISIPALITEIT VAN NYLSTROOM.

DRIEJAARLIKSE WAARDERINGSLYS 1970/73 EN TUSSENTYDSE WAARDERINGSLYSTE 1967/68 EN 1968/69: EERSTE SITTING VAN WAARDASIEHOF.

Hierby word, ingevolge artikel 13(8) van die plaaslike Bestuur Belastingordonnansie, Nr. 20 van 1933, soos gewysig, bekend gemaak dat die Eerste Sitting van die Waardasiehof om besware teen die bovermelde waardasierolle te oorweeg, gehou sal word

in die Eetsaal van die Stadsaal, Nylstroom, op Donderdag, 25 Junie 1970 om 9.00 vm.

D. J. VAN DEN BERG,
Klerk van die Waardasiehof.

Munisipale Kantore,
Privaatsak 1008,
Nylstroom.
(Kennisgewing Nr. 62 - 5/6/1970)

356—17

TOWN COUNCIL OF VEREENIGING.

PROPOSED PERMANENT CLOSING OF PORTIONS OF PARKS, THREE RIVERS EXTENSION NO. 1.

Notice is hereby given in accordance with the provisions of section 68, read with section 67, of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that it is the intention of the Town Council to close permanently the following portions of parks in Three Rivers Extension No. 1, as described in the appended schedule:

- A portion of park erf 1282, approximately 4.7 acres (1.9 hectares) in extent, for the purpose of establishing a swimming bath.
- A portion of park erf 1283, approximately 1000 Cape square feet (99 square metres) in extent, for the purpose of erecting a sewage pumping station.

Plans showing the portions concerned may be inspected during normal office hours at the office of the Clerk of the Council, Municipal Offices, Vereeniging.

Any person who has any objection to the proposed closing or who may have any claim for compensation if such closing is carried out, must lodge his objection or claim in writing with the Town Clerk, Municipal Offices, Vereeniging, not later than Wednesday, 19th August, 1970.

P. J. D. CONRADIE,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Vereeniging.
12th June, 1970.

Advert. No.: 4108.

SCHEDULE

(A) A portion of erf 1282 (Park) in the Township of Three Rivers Extension No. 1., General Plan S.G. No. A2363/46 in extent approximately 4.7 acres (1.9 hectares); commencing at beacon lettered 1082a, such beacon being the north-west beacon of erf 1082 in the said township; thence in a southerly direction along the common boundary between erven 1282 and 1082 for a distance of approximately 450 C.ft. (141.69 m); thence in a westerly direction for a distance of 430 C.ft. (139.39 m) so as to intersect the western boundary of the said erf 1282 (Park); thence in a northerly direction along the western boundary of erf 1282 (Park) to beacon lettered 1082a, the point of commencement.

(B) A portion of erf 1283 (Public Open Space) Three Rivers Ext. No. 1 Township, in extent 1000 C.sq.ft. (99 square metres); commencing at a point on the boundary

of erf 1283 which fronts on Ring Road, such point being beacon lettered 128d as indicated on General Plan S.G. No. A2363/46; thence at right angles and in a northerly direction for a distance of 50 C.ft.; thence at right angles and in an easterly direction for a distance of 20 C.ft.; thence at right angles and in a southerly direction for a distance of 50 C. ft., thence at right angles and in a westerly direction along the southern boundary of the said erf 1283 for a distance of 20 C.ft. to the point of commencement.

STADSRAAD VAN VEREENIGING.

VOORGESTELDE PERMANENTE SLUITING VAN GEDEELTES VAN PARKE, THREE RIVERS UITBREIDING NO. 1.

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 68, geles met artikel 67, van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, bekend gemaak dat dit die voorneme van die Stadsraad van Vereeniging is om die volgende gedeeltes van parke in Three Rivers Uitbreiding No. 1, soos in die onderstaande bylae omskryf, permanent te sluit:

- 'n Gedeelte van park erf 1282, groot 4.7 acre (1.9 hektare), vir swembaddoeleindes.
- 'n Gedeelte van park erf 1283, groot ongeveer 1000 Kaapse vierkante voet (99 vierkante meter) vir die oprigting van 'n rioolpompstasie.

Planne wat die betrokke gedeeltes aantoon kan gedurende gewone kantoorure in die Kantoor van die Klerk van die Raad, Munisipale Kantoor, Vereeniging, besigtig word.

Enigiemand wat enige beswaar het teen die voorgename sluiting of vervreemding, of wat vergoeding mag eis indien sodanige sluiting plaasvind, moet sy beswaar of eis skriftelik, nie later nie as Woensdag 19 Augustus 1970 by die Stadsklerk, Munisipale Kantoor, Vereeniging, indien.

P. J. D. CONRADIE,
Stadsklerk.

Munisipale Kantoor,
Vereeniging.
12 Junie 1970.

Advertensienr.: 4108.

BYLAE

(A) 'n Gedeelte van erf 1282 (Park) in die dorp Three Rivers Uitbreiding No. 1, Algemene Plan L.G. No. A2363/46, groot ongeveer 4.7 acre (1.9 hektare); met aanvangspunt by baken geletterd 1082a, sodanige baken synde die noord-westelike baken van erf 1082 in die genoemde dorp; daarna in 'n suidelike rigting langs die gemeenskaplike grens tussen erwe 1282 en 1082 vir 'n afstand van ongeveer 450 Kaapse voet (141.69 m); daarna in 'n westelike rigting vir 'n afstand van 430 Kaapse voet (135.39 m) om die westelike grens van die genoemde erf 1282 (Park) te kruis; daarna in 'n noordelike rigting langs die westelike grens van erf 1282 (Park) tot by baken geletterd 1082a, synde die aanvangspunt. (B) 'n Gedeelte van erf 1283 (Openbare Oopruimte) in die dorp Three Rivers Uit-

breiding No. 1, groot 1,000 Kaapse vierkante voet (99 vierkante meter); met aanvang by 'n punt op die grens van erf 1283 wat aan Ringweg front, sodanige punt synde die baken geletterd 128d soos aangetoon op Algemene Plan L.G. No. A2363/46; daarna reghoekig en in 'n noordelike rigting vir 'n afstand van 50 Kaapse voet; daarna reghoekig en in 'n oostelike rigting vir 'n afstand van 20 Kaapse voet; daarna reghoekig en in 'n suidelike rigting vir 'n afstand van 50 Kaapse voet; daarna reghoekig en in 'n westelike rigting langs die suidelike grens van die genoemde erf 1283 vir 'n afstand van 20 Kaapse voet tot by die aanvangspunt.

357—17

TOWN COUNCIL OF KEMPTON PARK

ASSESSMENT RATES: 1970/71

Notice is hereby given in terms of Section 24 of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933, as amended, that the following assessment rates are levied on the site value of rateable properties within the municipal area of Kempton Park, for the Financial Year 1 July, 1970 to 30 June, 1971 as appearing on the Valuation Roll:—

- (a) (i) An original rate of 0.5 cents (nil decimal five cents) in the Rand on site value of land;
- (ii) an additional rate of 2.5 cents (two decimal five cents) in the Rand on site value of land.
- (b) Subject to the approval of the Administrator —
 - (i) a further additional rate of 1 cent (one cent) in the Rand on site value of land, with the exception of the following areas in respect of which an additional rate of 0.3 (zero point three) cent in the Rand will be levied in terms of a condition imposed by the Administrator on the incorporation of the said areas into the Kempton Park municipal area:—
Pomona Agricultural Holdings,
Brentwood Park Agricultural Holdings Extension 1.

All Portions of the Farm Rietfontein No. 31 I.R., situated within the Kempton Park municipal area.

 - (ii) a special rate of 0.75 cents (nil decimal seventy five cents) in the Rand on site value of land in the Spartan Industrial Township for the purpose of partial defraying of the costs for the provision of tarred streets.

The rates imposed as set out above, shall become due on 1 July, 1970, but shall be payable in ten equal instalments, the first instalment payable on or before 1 August, 1970, and thereafter monthly on or before the first day of every following month until 1 May, 1971.

If the rates hereby imposed are not paid on the dates specified above, penalty interest will be charged at a rate of 8% (eight per cent) per annum.

Ratepayers who do not receive accounts in respect of the assessment rates referred to above, are requested to communicate with the Town Treasurer as the non-receipt

of accounts shall not exempt any person from liability for payment of such rates.

Q. W. van der Walt,
TOWN CLERK.

Town Hall,
Margaret Avenue,
(P.O. Box 13),
KEMPTON PARK.
17 June, 1970.
NOTICE NO. 34/1970

STADSRAAD VAN KEMPTONPARK

EIENDOMSBELASTING: 1970/71

Kennis word hierby gegee ingevolge die bepalings van artikel 24 van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, No. 20 van 1933, soos gewysig, dat die volgende eiendomsbelasting gehef word op die terreinwaardes van alle belasbare eiendom geleë binne die munisipale gebied van Kemptonpark, vir die Boekjaar 1 Julie 1970 tot 30 Junie 1971 soos op die Waarderingslys aangetoon:—

- (a) (i) 'n Oorspronklike belasting van 0.5 sent (nul punt vyf sent) in die Rand op die terreinwaarde van grond;
